



# TEOKRASIE EN TEONOMIE IN DIE ZAR, BY TOTIUS, BY CALVYN EN DIE OUTENTIEKE REFORMATORIESE BELYDENISSKRIFTE VAN DIE 16/17de EEUE

## INLEIDING

Teokrasie beteken letterlik 'God regeer' en teonomie beteken letterlik 'God se Wet'. God regeer oor alles en Sy wet is die finale en hoogste standaard van ons hele lewe. Nou moet daar egter kortliks genoem word wat verstaan word onder hierdie twee terme, en hoe dit hier aangewend word, want P.J. Perold skryf tereg:

*"Sodra 'n rigting of party 'n naam kry, of hy hom die naam self gee en of ander hom die naam gee, het die naam twee betekenisse – een betekenis, waarin die party of rigting dit self gebruik, en een betekenis, waarin sy vyand of teenstander hom besig".<sup>1</sup>*

Bogenoemde aanhaling, geld ook i.v.m. die terme teokrasie en teonomie. Daar is definisies wat die aanhangers daarvan self gebruik en dan is daar jou teenstanders -gewoonlik 'n 'humanistiese en piëtistiese Christene' alliansie- se misbruik of verdraaiing van hierdie terme. Daarom moet ons soos die Bereaanse Christene wees (Hand. 17:11), naamlik om alles wat ons hoor en lees, eerstens te toets aan wat die Skrif leer, asook om na die betrokke persoon, kerk of beweging se bronne self te gaan, om seker te maak of hul wel sê wat hul kritici beweer.<sup>2</sup> Dus, ons leuse moet wees: Ad fontes! ... na die bronne!

## Teokrasie<sup>3</sup>

In die lyn van Calvyn, word teokrasie gesien as die grondoortuiging dat die soewereine wil van God die maatstaf is vir alle aardse verhoudinge. Volgens Th. L Haitjema is 'teokrasie dat God se wil wet is in die staatkundige lewe en dat vorste regeer volgens die mag wat vir hul van Bo gegee is". Die woord is waarskynlik die eerste maal deur Flavius Josefus, die Joodse geskiedskrywer, gebruik vir die Israelitiese teokrasie as staatsinrigting, soos ons dit in die Ou Testament vind.<sup>4</sup> Volgens R. Bisschop beteken teokrasie, *eerstens*, die regering van God oor alle dinge,

<sup>1</sup> *Die Kerkbode*, 29-01 -1930:p. 189, soos aangehaal in die binneblad van F. Deist se werk: *Ervaring, Rede en Metode in Skrifuitleg* (Pretoria: RGN, 1994].

<sup>2</sup> Sien Spr.18:17

<sup>3</sup> *Theos* = God; *kratos* = regeer. Sien veral die werk van K. van der Zwaag, *Onverkort of Gekortwiek?: Artikel 36 van die NGB en de spanning tussen overheid en religie, een systematisch-historische interpretasie van een 'omstreden' geloofsartikel* (Heerenveen: Uitgeverij Groen, 1999).

<sup>4</sup> *Christelijke Encyclopedie voor het Nederlandse Volk* (Kampen: Kok, 1929), p.413,414. Party christene wil die term 'teokrasie' beperk tot die OT en die volk Israel, en dan die term 'christokrasie' gebruik vir die nuwe bedeling na Christus se koms.

en, *tweedens*, 'n regering van mense volgens die gebod van God. Teokratiese politiek beteken dus 'n sosiale orde of samelewing waarin die owerheid hom onderwerp en regeer volgens God se Woord, altyd onder die kritiek van die Wet en die Evangelie. Opsommend kan met Dr. Klaas van der Zwaag se opsomming volstaan word:

*"Artikel 36 (van die NGB) kan as 'n teokratiese visie op die owerheid beskou word. Teokrasie (letterlik: Godsregering) vat ons op as die norm wat God se Woord vir die hele lewe daarstel, insluitende die samelewing."*<sup>5</sup>

## **Teonomie**

Teonomie behels die inhoud of norm van teokrasie, want indien God regeer, ook hier op aarde, dan is die volgende vraag: *volgens watter standaard en norm vind die teokrasie plaas?* Die woord teonomie, beteken letterlik "God se wet" *Theos* - God; *nomos* - wet. Dr. K. Dijk skryf dat nie die skepsel die wet self kan bepaal nie, dat goed en kwaad, reg en onreg nie uit die individu of die gemeenskap kom nie, maar dat God alleen ons Wetgewer is "omdat Hy die soewereine God self is, en as Skepper van hemel en aarde ook die Koning, die Gebieder oor alle skepsels (is)."<sup>6</sup> Prof P.J. de Bruyn skryf dat 'teonome norme' die "... norme (is) wat God in sy Woord aan die mens gegee het. In die lig van God se Woord moet die goed of sleg van 'n persoon se optrede bepaal word. Die Tien Gebooe vervul in hierdie verband 'n baie belangrike funksie."<sup>7</sup> Ds. William Einwechter, definieer teonomie as:

"... daardie siening van Christelike etiek wat glo dat God se wet, soos geopenbaar in die Skrif, die enigste behoorlike reël en aanvaarbare standaard is waardeur die korrektheid of verkeerdheid van enige menslike optrede bepaal word. God se wet alleen bepaal wat die mens veronderstel is om te doen en moet doen. Teonomiese etiek hou dus God se wet voor as die hoogste standaard van waarheid en geregtigheid, en strewe daarna om die voorskrifte van God se heilige wet toe te pas op elke terrein van die mens se lewe. Teonomie is daarom eenvoudig gestel, die uitbreiding van die leer van *sola Scriptura* op die gebied van die etiek."<sup>8</sup>

Teonomiese etiek beteken dus dat al die mens se normes, reëls, gebooe en wetgewing wat sy hele lewe reël (dus vir die individu, gesin, kerk, staat, ens) gebaseer moet wees op God se Wet, soos gevind in die raamwerk van die Tien Gebooe (Ex.20), saamgevat in die twee groot gebooe (Matt.22:37-40) en verder uiteengesit, verklaar en toegepas in

---

<sup>5</sup> *Ibid.*, p. 18.19.

<sup>6</sup> *Ibid.*, p.417

<sup>7</sup> *Die Tien Gebooe* (Midrand: Varia Uitgewers, 1993).

<sup>8</sup> W.O. Einwechter, *Ethics and God's Law: An Introduction to Theonomy* [Mill Hall: PrestonSpeed Publications, 1995] p.6,7.

die hele Skrif.<sup>9</sup> Dit gesê, met inagneming dat sekere wette van die Ou Testament, in die lig van Nuwe Testament opgehef is, vervang is of anders toegepas word.<sup>10</sup>

In bogenoemde sin van die woord teonomie, kan dan wel gesê word dat alle Christene teonome is. Dit is gelowiges wat glo dat God se Woord die hoogste norm en finale standaard is in al die mens se doen en late. Christene verskil egter wel onderling watter wette nog van toepassing is of nie, asook hoe en in watter mate sekere wette nog bindend is. Vir meer inligting oor Teonomie, as 'n *spesifieke* skool van denke oor God se Wet, word u verwys na die volgende werk: G.L. Bahnsen, *Theonomy and Christian Ethics* (Philipsburg, New Jersey: P&R Publishing Company, 1977), asook hierdie skrywer se uiteensetting daarvan in die Julie-September 1999 uitgawe [nr.40], van die *Esra Verslag*.

## **DIE ANTITESE**

Teenoor die teokrasie staan die demokrasie, en teenoor die teonomie staan die outonomie. Demokrasie as politieke *proses* waar verteenwoordige leiers van 'n volk of land verkies word deur mense, is nie die probleem nie. Die probleem is egter met die woord in sy oorspronklike en hedendaagse betekenis, naamlik 'die volk regeer'. Dit is die ideologiese demokrasie, wat sy fundamente in die Griekse filosofie het, en in die Franse Rewolusie oorgegaan het tot die slagspreuk: vox populi, vox Dei!<sup>11</sup> Dit beteken: die stem van die volk is die stem van God. En dit is ook waar ons vandag in S.A. is, naamlik dat die massas as bron bepaal wat reg en verkeerd is. Dit beteken ten einde dat nie God nie, maar dat die mens regeer, en dat die mens self bepaal wat reg en verkeerd is [outonomie]. Die keuse is dus duidelik: 'n teonomiese teokrasie of 'n outonomiese demokrasie.

## **Die probleem**

Dit alles gesê, is dit natuurlik belangrik om te sê dat die Christendom, insluitende die gereformeerde Christendom nog (ongelukkig) altyd verskil oor die definisie, inhoud en doel van 'n teokrasie, teonomie, demokrasie, outonomie, ens, en hul

**By die uitspraak het 'n mens in die meeste gevalle kan merk dat die landdroos goed bekend was met die burgerlike wette wat deur tussenkoms van Moses aan die Joodse volk gegee is, en dat die landdroos van opinie was, dat hy nie ver uit die pad sou wees as hy ooreenkomstig die wette uitspraak sou gee nie.**

onderlinge verhoudings tot mekaar. Dit is egter belangrik om ook te sien dat alle Christene behoort saam te stem oor wat teokrasie en teonomie in sy kern is, en hopelik kan vanuit hierdie eenheid, verder besin word oor

<sup>9</sup> R.J. Rushdoony, *Institutes of Biblical Law* [USA: Presbyterian and Reformed Publishing Company, 1973], p.10ff.

<sup>10</sup> G.L. Bahnsen, *By This Standard: The Authority of God's Law Today* [ICE.1985], p.154

<sup>11</sup> Vir 'n baie belangrike kritiek op die demokratiese ideologie. sien: Tage Lindbom. *The Myth of Democracy* (Grand Rapids. Michigan: Eerdmans, 1996).

verskille deur verdere Skrifstudie, gebed en besinning.

## **TEONOMIE IN DIE ZUID-AFRIKAANSCH REPUBLIEK**

In die *De Jure*, 'n prokureurs-tydskrif, word daar soos volg geskryf oor die regspleging in die Z.A.R.:

"Die feit dat kerk en staat in die ZAR so naby mekaar gestaan het, het geen geringe invloed op die regswese gehad nie. Alle regterlike amptenare se protestantse kerkverbondenheid was byvoorbeeld 'n belangrike kwalifiserende faktor. Regters moes mense wees wat 'met alleen in Moses wetten geoefend is, maar wat Moseswet en Evangelie met een kostelike aandag beproef en dagelijks ondersoek'. Wat wetgewing betref, wou die volk dat die wet "... die God en onse Schepper aan Moses gegee heeft as basis van alle wette moes dien."<sup>12</sup>

Die bron waaruit die *De Jure* werk, is die boek van A. Wijkema, *De invloed van Nederland en Nederlands-Indië op ontstaan en ontwikkeling van die regswese in Suid-Afrika tot 1881*.<sup>13</sup> Dit bevestig dat die kennis van Moses se wette (asook die Evangelie natuurlik!) ook heelwaarskynlik 'n vereiste was vir die Nederlandse regspleging. Hopelik sal daar nog verder besin kan word in die toekoms, in hoe 'n mate die vroeë regspleging in Nederland en Suid-Afrika gebaseer was op die Mosaïese wette, alles gesien in die lig van die Kampioen van die Wet: Jesus Christus. Verder, het ek die volgende raakgelees in B. Spoelstra se boek: *Ons Volkslewe: Kultuur-historiese leesboek*,<sup>14</sup> aangaande die regspleging in die destydse Transvaal, in die 19e eeu:

"Omdat elke afsonderlike distrik sy eie landdros gekry het en die geleerde regskundige manne in die eerste tyd baie skaars was, is landdros mense aangestel met 'n baie gesonde verstand, al het hulle maar min op die skoolbanke gesit. In die regsitting was dit dan ook nie die wetboek wat altyd geraadpleeg is nie, nie 'n soek na presedente nie, maar was alleen die gesonde verstand gereed om leiding te gee. By die uitspraak het 'n mens in die meeste gevalle kon merk dat die landdros goed bekend was met die burgerlike wette wat deur tussenkoms van Moses aan die Joodse volk gegee is, en dat die landdros van opinie was, dat hy nie ver uit die pad sou wees as hy ooreenkomstig die wette uitspraak sou gee nie."<sup>15</sup>

Mag ons eendag weer regters kry wat hierdie hemelse wysheid besef! Op 'n ligter noot wil ek graag die volgende verhaal uit daardie tyd byvoeg:

"'n Enkele keer het hy natuurlik vasgeloop en moes dan sy bes doen om sy naam as slim man te handhaaf. So kom daar

---

<sup>12</sup> April 1977, p.107.

<sup>13</sup> Amsterdam: N.V. Swets & Zeitlinger, 1934

<sup>14</sup> Pretoria: J.L. van Schaik, 1924.

<sup>15</sup> *Ibid.*, p.156. Beklemtoning is bygevoeg

by een van die landdroste op 'n keer 'n man met 'n baie moeilike vraag. Die mak bye van sy buurman het 'n keer die nuk gekry om boosaardig te word, en het van die pluimvee doodgemaak en die perde en kalwers op die werf gehinder. Hy wil nou van die landdros graag weet wat hy kan doen om skadevergoeding te kry en hoeveel hy kan vra. Die landdros weet nie wat hy moet sê nie, maar slaan sy wetboek oop. Hy soek van die eerste bladsy tot die laaste en weer terug van die laaste tot die eerste en maak daarop die boek toe met die woorde: 'Ek is baie jammer, maar ons het nog nie 'n wet vir bye nie.'<sup>16</sup> Die klaer was teleurgesteld en tog tevrede, want hy het gesien hoeveel notisie van sy saak geneem is, en hoe selfs die kleinste dingetjies die aandag van die regter geniet het. Hy stap opgewek huis toe en sal sonder oor iets te kla die skade dra."<sup>17</sup>

Die boere van daardie tyd het ook nog geglo dat reg en geregtigheid moet geskied, ongeag of dit vriend of familielid was. Hul sin vir vergifnis maar ook vir geregtigheid word in die volgende verhaal weerspieël:

"... Deur die landdros en heemrade is die swaarste misdade ondersoek, tot selfs 'n moordsaak. Het hulle 'n man egter skuldig gevind aan moord, sodat, **volgens die woorde van die Bybel** die doodvonnis sonder enige voorbehoud moes uitgespreek word, dan het hulle die saak verwys na die Volksraad; sodat die volksraad van die dae die hoogste wetgewende- en tegelyk ook die hoogste regsprekende mag in die land was. Die eerste geval van die aard het in Transvaal voorgekom in die saak van sekere Pieterse, wat sy swaer vermoor het. Pieterse was onder die invloed van sterk drank toe hy die daad gedoen het en het gevlug so gou hy nugter was en sy brein weer normaal kon werk. Die landdros het uitgevind waar Pieterse hom gevestig het, en het 'n brief vir hom gestuur dat hy hom moes aangee as die skuldige.

Die moordenaar het dit werklik self kom doen waarop sy saak deur die landdros en heemrade ondersoek is. Toe hulle hom skuldig vind, is die saak verwys na die Volksraad en is die papiere wat op die saak betrekking gehad het, na die liggaam opgestuur. Op dieselfde manier as by 'n hofsitting is toe 'n man opgeroep om te ageer as publieke aanklaer, en 'n ander toegestaan as verdediger. Dat getrag was om die verdediging so goed as moontlik te laat wees, kan ons begryp as ons weet dat die Kommandant-Generaal, M.W. Pretorius, hiermee belas was; want hierdie persoon was ongetwyfeld een van die verstandigste en beste sprekers van die hele Volksraad. 'n Ander moordsaak wat op dieselfde wyse ondersoek is en ook deur die uitspraak van die doodstraf beëindig is, was die betreffende 'n sekere Lourens, wat in 1870 sy skoonvader vermoor het, Hy is ook

---

<sup>16</sup> Die landdros kon moontlik na Deut.22:5 gaan kyk het vir wysheid vir hierdie saak.

<sup>17</sup> *Ibid.*, p.157.

skuldig gevind, veroordeel en tereggestel. Uit albei gevalle sien ons dat met die regspraak van die Voortrekkers nie die spot gedryf kon word nie; want al was die kwaaddoener een van hulle vriende, soos Pieterse, wat tegelykertyd ook een van die rykste bewoners in sy omgewing was, tog is die doodstraf na moord onverbidlik uitgespreek en die vonnis uitgevoer.

Die eienaardige was nou egter weer dat die veroordeelde in die dae, tussen die uitspraak van die vonnis en die volvoering daarvan, besoek gekry het van verskillende mense, **wat met hom kom praat, met en voor hom kom bid, en afskeid geneem het met die wens dat sy treurige einde tog salig mag wees.**" "Na die anneksasie van Transvaal deur die Engelse in 1870 is die regspleging meer op Europese lees geskoei - veral wat betref die sittings van landdroste en heemrade. Die veldkornette het na die eerste Vryheidsoorlog nog taamlik mag behou ... maar na die oortog wat in 1902 geëindig het, was ook hulle mag tot nul gereduseer, en mag die kleinste sokie alleen deur bevoegde regskundige persone behandel word. Die ou wyse van regspleging sou met ons toenemende bevolking, waarin so baie mense moet opgeneem word wat in hulle oorspronklike vaderland nie 'n alte gunstige reputasie geniet het nie, miskien nie goed werk nie, maar in sy tyd was die huislike ook in regsake te verkies -bo die nuwe wyse van behandeling. **Ook in die opsig kan ons sê: Ander tye, ander sedes - dog verbetering maar selde.**"<sup>18</sup>

Uit bogenoemde aanhalings sien ons dat vir ons gereformeerde voorvaders in die ZAR, die Bybel nie vir hul net 'n boek was vir die persoonlike-, gesin-en kerkdiens aan God nie, maar dat ook die regspleging, d.w.s. ook hul samelewing, onder die gesag van die Bybel moet staan. Mag ons geslag -ook hul wat 'regte' en 'politiek' studeer-opnuut hierdie wysheid van God, ook nog vir vandag, herontdek, soos 'n koning Josia: 2 Kro.34!

## **TOTIUS ... DIE TEONOMIS?**

Terwyl ons nou praat van 'reg en geregtigheid' en die wysheid van God, skryf Totius, oftewel Prof. dr. J.D. Du Toit:

"Let daar verder op dat, hoewel die Spreukeboek so wêreldomvattend van inhoud is, hier nie die algemene naam "God" gebruik word nie, maar "HERE", bepaaldelik die Verbondsnaam. Die wysheid hier bedoel, steun dus geheel en al op die Openbaring soos in die Heilige Skrif vervat. Al word dan ook die Wet van die Here hier nie nadruklik genoem nie, tog is duidelik dat die vrees van die Here in noue verband staan met die Godsopenbaring; m.a.w. die wysheid rus op die

---

<sup>18</sup> *Ibid.*, p. 159-160. Beklemtionings bygevoeg.

Wet en die Profete. Nog meer. Die woorde geregtigheid en reg en regverdigheid, waarvan in die hele Skrif sprake is, kom min of meer ooreen met wat onder wysheid verstaan word (1:3). Dit is dus duidelik dat die wysheid in die Ou Testament onderskeie is van alle ander natuurlike wysheid, en dat die doel daarvan is die verwerking van die wil van die Here in die lewe."<sup>19</sup>

Uit bogenoemde aanhaling is dit heel duidelik dat Totius wel 'n teonomis is, ten minste in die algemene sin van die woord. Maar, dit sal almal nou vra: is daar by hom ook enige spore van 'n spesifieke teonomie, m.a.w. dat die juridiese oftewel burgerlike wette van Israel (wat nie deur verdere openbaring of implikasie opgehef is nie) wel nog nuttig en geldig is vir vandag? Kom ons kyk wat Totius verder skryf, en dan besluit uself:

"Met die bewering dat 'n gebod, (wat) in die Ou Testament gegee, afgeskaf is, moet ons versigtig wees. Vir so 'n afdoende bewering moet goeie gronde aangevoer word. En as dit ontbreek, sal ons bewering nader gekwalifiseer of geheel prysgegee moet word. In die algemeen moet ons in verband met die burgerlike en seremoniële wette deur die Here aan Israel gegee, dit vasstel dat onderskei moet word tussen die bepaald Israelitiese **vorm** waarin die wetgewing tot stand gekom het en die algemeen geldende **wese** of kern wat daar ten grondslag lê."<sup>20</sup>

As voorbeeld van hierdie omgang met God se wet, skryf Totius dan oor die tiende soos volg:

"... Wat die tiende aangaan, meen ons dat die spesifiek Israelitiese **vorm** verbygegaan het; maar daarmee word die groot **beginsel** wat daarin lê, nie prysgegee nie. 'n Gelowige wat nougeset wil lewe, vra hom gedurig af: Hoeveel moet ek dan tog eintlik vir die diens van die Here gee? Gedurig kom die kwellende gedagte weer op: Gee ek wel genoeg? Om aan hierdie kwelling 'n einde te maak is daar geen beter remedie nie as om die maatstaf te noem wat die Skrif self gee. Die bepaling van een-tiende is geen willekeur nie, maar daaruit spreek die Goddelike wysheid en welbehae ons toe. Natuurlik is dit nie nodig om slaafs aan die een-tiende vas te klem nie. Ons kan gerus **meer** gee.... Dit sal dan ook vir die gelowige onder die nuwe bedeling saak wees om die lyn van die tiende in die oog te hou, nie om te sien hoe ver hy van die lyn kan wegbly nie maar hoe ver hy daarvoor kan heengaan!"<sup>21</sup>

Uit die aanhalings oor die regspraak in die Z.A.R., asook Totius se uitsprake oor die hantering van God se wet, is dit duidelik dat hul met

---

<sup>19</sup> *Versamelde Werke* (Kaapstad. Nasionale Pers, 1977), deel 7, p.215.

<sup>20</sup> *Ibid.*, deel 1, p.438. Beklemtoneering bygevoeg.

<sup>21</sup> *Ibid.*, deel 1, p.438.

eerbied en ontsag met God wet omgegaan het, en dit vir hul 'n lewenswyse [torah] was, vir *beide* die persoonlike en publieke lewe, en nie die 'las' wat die hedendaagse Christendom daarvan probeer maak nie. Vir die begenadigde sondaar is die wet nie meer 'n aanklaer nie, maar is hy nou waarlik vry om God se wet te gehoorsaam en toe te pas in al sy lewe en denke. Dit laat mens die vraag vra of hul wat so anti-God-se-wet is, werklik al die knie gebuig het voor die Gewer van die genade en wet (Rom.8:7)? Mag hul ook genadiglik buig voor die Kampioen van die wet: Jesus Christus! Totius se verdere opmerkings aangaande die gee van die tiende, nl. die "*bepaling van een-tiende is geen willekeur nie, maar daaruit spreek die Goddelike wysheid en welbehag ons toe,*" kan ook opgemerk word van al die wette van God, en nie net van die Tien Gebooe nie. Ons sal opnuut in die 21ste eeu die heiligheid, wysheid, regverdigheid en billikheid van God se wet moet (her)ontdek vir ons tyd. Ons lees reeds in Skrif dat selfs die heidene die wysheid van God se wet erken het, hoeveel te meer moet gelowiges dit doen:

"En watter groot nasie is daar wat sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet wat ek julle vandag voorhou?"<sup>22</sup>

Of dalk het ons vandag te slim geword? Wil ons probeer sê dat die natuurreg ideologie van die Griekse denkers, van die Romeinse staatsmanne, die Verligtingsdenkers, ens., wat alles uitgeloop het op die menseregte ideologie van vandag, of ekself!, enigsins regverdiger en wyser wette na vore kan bring as dit wat God vir ons geopenbaar het? In die geskiedenis vind dit ongelukkig wel plaas (ook met ons vandag) dat ons die Christelike geloof meng met heidense denke. Ons sal opnuut elke gedagte gevange moet neem, in diens van Christus, ongeag op watter terrein van lewe of denke dit is (1 Kor. 10:31; 2 Kor10:5,6).

**In die algemeen moet ons in verband met die burgerlike en seremoniële wette deur die Here aan Israel gegee, dit vasstel dat onderskei moet word tussen die bepaald Israelitiese vorm waarin die wetgewing tot stand gekom het en die algemeen geldende wese of kern wat daar ten grondslag lê - Totius**

Laat ons wat leef aan die begin van die 21ste eeu opnuut die waarskuwing van Paulus ter harte neem, waar hy skryf dat God die wysheid en die slim manne van die wêreld, tot dwaasheid maak.<sup>23</sup> Christus alleen is ons 'wysheid! Mag ons weer deur Sy genade, Ps.1 manne word, sodat ons ons roeping as Ps.2 manne kan vervul!<sup>24</sup>

## **MOET DIE OWERHEID BEIDE TAFELS VAN DIE WET HANDHAAF?: DIE PARADIGMA VERSKUIWING TUSSEN CALVYN EN KUYPER**

<sup>22</sup> Deut.4:8; Jes.2:1-4; vgl.Matt.5:16 met Matt.5:17-20.

<sup>23</sup> 1 Kor.1:18 e.v.

<sup>24</sup> Sien dr. Joe Morecraft III, se artikel: "The Inseparability of Holiness and Dominion: The Relation of Psalm 1 and Psalm 2, in Andrew Sandlin (ed.), *A Comprehensive Faith: An International Festschrift for Rousas John Rushdoony* (San Jose: Friends of Chalcedon, 1996), p.83-91.



F.J. Van Zyl en J.D. van der Vyfer skryf dat wat die 'reg en godsdiens' betref:

"...wyk die hedendaagse Calvinisme in belangrike opsigte af van **die leerstelling van Calvyn self**. Godsdienstige norme kan, vanuit 'n bepaalde hoek beskou, in twee kategorieë onderverdeel word:

- dié wat betrekking het op die God-mensverhouding (vergelyk byvoorbeeld die Eerste Tafel van die dekalog, dit is die eerste tot die vierde gebod); en
- dié wat betrekking het op die mens-tot-mensverhoudings (vergelyk byvoorbeeld die Tweede Tafel van die dekalog, dit is die vyfde tot die tiende gebod).

Calvyn het beginsels uit **albei** hierdie soorte godsdienstige norme afgelei, wat volgens hom in die positiewe reg opgeneem behoort te word; en vir sover ook die gebooe van die Eerste Tafel van die dekalog daarby in aanmerking kom, het hy van die staat vereis om (onder meer) die "ware godsdiens" te identifiseer en "valse godsdiens" op straf te verbied. Teen hierdie premisse van Calvyn het latere Calviniste hulle verset. Abraham Kuyper (1837-1920) wys byvoorbeeld daarop dat die genoemde standpunt van Calvyn regverdiging sou kon bied vir die Christenvervolging gedurende die eerste eeue van ons jaartelling en vir die Middeleeuse ketterjagtery. Hierdie teoretiese veronderstelling van Calvyn word buitendien deur die praktyk in Calvinistiese lande weerspreek, aldus Kuyper, want in Calvinistiese lande heers daar in der waarheid godsdienstige verdraagsaamheid en hierdie praktyk, sê hy, weerspieël die "ware Calvinisme". Die praktyk van die "ware Calvinisme" soos wat Kuyper dit voorgestel het, sentreer om die beginsel van soewereiniteit in eie kring van die staat en van die kerk (respektiewelik).<sup>25</sup>

Uit hierdie aanhaling -ongeag of 'n mens met die sienings, verwoording of ander aspekte saamstem of nie- bring een baie belangrike aspek na vore, naamlik dat daar ten minste wat die onderwerp 'reg en godsdiens' of 'kerk en staat' betref, histories gesien twee uiteenlopende standpunte is.

*Eerstens*, is daar die outentieke reformatoriese standpunt (waarvan Calvyn die bekendste verteenwoordiger is) wat geglo het die burgerlike owerheid is aan *beide* tafels gebind, terwyl *tweedens*, die 'hedendaagse' calvinisme, wat ook die neo-calviniste genoem kan word (en waarvan Kuyper die bekendste verteenwoordiger is) wat glo dat die burgerlike owerheid net gebind is aan die *tweede* tafel van die wet.<sup>26</sup>

---

<sup>25</sup> *Inleiding tot die Regswetenskap*, 2de uitgawe (Durban: Butterworth, 1982). p. 147.148.

<sup>26</sup> Dr. CP Polderman skryf: "Kuypers oorgang naar het concept van de neutrale staat

Myns insiens, moet ons opnuut ontdek wat die outentieke hervormers geskryf het oor die onderwerp kerk en staat, asook hoe en watter wette van God in die samelewing toegepas moet word. Baie hedendaagse calviniste dink dat die calvinisme se wortels by Kuyper en Dooyeweerd lê en niks verder nie. Alhoewel hierdie belangrike mense is om te bestudeer, moet ons terug na die wortels van ons gereformeerde wêreldbeskouing in die 16de en 17de eeu [wat weer op sy beurt gewortel is in die vroeë kerk en natuurlik die Skrif self]. Dit beteken verder dat nie net Calvyn nie, maar ook van die ander hervormers gelees moet word, manne soos Zwingli, Bullinger, Knox, Rutherford, Gillespie, Turretini, Ursinus, Altusius, Witsius, De Mornay, Bucer, Baxter, Perkins, Ames, die Dordtse vaders, ens. , moet herontdek word.<sup>27</sup>

As 'n mens kyk na die belydenisskrifte van die 13de eeu en die 17de eeu, dan kom die duidelike verskil in die staatsbeskouing van die outentieke reformatore teenoor die neo-calviniste na vore. Kom ons vat die vraagstuk oor of die staat beide of slegs die tweede tafel van die wet moet handhaaf, en kyk wat antwoord die hervormers:<sup>28</sup>

### **Saksoniese Konfessie<sup>29</sup> [1551], artikel 23**

"God wil dat die magistraat ... wette maak wat die volgende verbied: die aanbidding van afgode, godslastering, misdadigers, moordenaars, ... Soos dit van ouds gesê is, 'Die magistraat is die bewaarder van die wet;' dit is van *die Eerste en die Tweede Tafel*, in verband met dissipline en goeie orde...."

### **Franse Konfessie<sup>30</sup> [1559], artikel 39**

... Daarom het (God) ook die swaard in die hande van die magistraat geplaas, dat oortredings onderdruk word, nie net daardie wat teen die tweede tafel oortree word nie, *maar ook teen die eerste (tafel)....*"

### **Skotse Konfessie<sup>31</sup> [1560], artikel 24**

"... Aan magistrate ... bevestig ons dat hul die primêre taak het vir die bewaring en reiniging van die godsdienst; sodat hulle nie net publieke beleid daarstel nie, maar ook vir die onderhouding van die ware

---

aan het eind van de 19e eeuw kan gezien word als *breuk* met de theocratische benadering, omdat hiermee de claim op de samenleving als geheel werd ingeruild voor een streven naar 'soevereiniteit in eigen kring.'" *Kerk en Wêreld* (Leiden: Uitgeverij Groen & Zoon, 1996), p.210.

<sup>27</sup> Daarom die gebruik van die term 'outentieke reformatore', nie omdat ons iets teen Calvyn en calvinisme het nie, maar omdat die Hervorming uit baie meer teoloë, predikers, kerke, bewegings, ens., bestaan het waaruit diep gedink en geput kan word om ons gereformeerde geloof en lewensbeskouing te vorm.

<sup>28</sup>

<sup>29</sup> Deur die Saksoniese kerke opgestel onder leiding van Philip Melancthon.

<sup>30</sup> Deur die Franse kerke opgestel onder die sterk invloed van Calvyn.

<sup>31</sup> Deur die Skotse kerke opgestel onder die leiding van John Knox

godsdienst en *die onderdrukking van afgodery*"

### **Nederlandse Geloofsbelydenis<sup>32</sup> [1561], art.36**

"... Vir die doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom..13:4) deugsames te beskerm. En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daarvoor te waak nie maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, *om sodoende alle afgodery en valse godsdienst teen te gaan en uit te roei*, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel. ..."

### **Heidelbergse Kategismus<sup>33</sup> [1563], So. 36**

"Vraag 100: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie ?

Antwoord: Ja seker, want geen sonde is groter en vertoorn God meer as lastering van sy Naam nie. *Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf*"<sup>34</sup>

### **Tweede Helvitiese Konfessie<sup>35</sup> [1566], hfst.30**

"Daarom, laat hy [die magistraat] die swaard van God trek teen misdadigers, oproermakers, diewe, moordenaars, onderdrukkers, *godslasteraars en almal wat God beveel het om te straf asook die doodstraf te gee*. Laat hom *kwaadwillige kettters* [wat waarlik kettters is], wat nie ophou om die majesteit van God te *laster* nie ... en die kerk van God probeer vernietig. ..."

### **Westminster Konfessie<sup>36</sup> [1647], hfst.20**

"Die burgerlike magistraat mag nie die administrasie van die Woord en sakramente op homself neem nie ... maar hy het die gesag en taak om toe te sien dat orde in die Kerk geskied sodat eenheid en vrede in die Kerk bewaar word, dat die waarheid van God suiwer en in sy geheel bewaar word, *dat alle godslastering en ketterye onderdruk word* ..."

Uit bogenoemde aanhalings is dit dus duidelik dat die reformatore oortuig was dat *beide* tafels van die wet deel van die burgerlike owerheid se agenda was, gebaseer op God se Wet, en nie op 'natuureg' of net die tweede tafel nie, en dus ook nie wat ons vandag "tweede tafel menseregte-wet" sou noem nie. Die 'hoe' en die presies 'wat' in die toepassing van beide tafels van die wet, is 'n onderwerp om verder oor studie te doen, en moet die vrug wees van 'n bekeerde volk en land wat

<sup>32</sup> Opgestel deur Guido de Bres, onder die sterk invloed van Calvyn. Sien S.A. Strauss, John Calvin and the Belgic Confession, *In die Skriflig* 27(4) 1993:501-517.

<sup>33</sup> Opgestel deur Ursinus en Olevianus vir die kerke en skole in Duitsland.

<sup>34</sup> Lev.24:16.

<sup>35</sup> Opgestel deur die Zürich kerke onder leiding van Heinrich Bullinger. Hierdie belydenisskrif is in die 16de eeu deur die meeste protestantse kerke aanvaar.

<sup>36</sup> Opgestel deur die protestantse kerke van Brittanje.

weer God se wette wil toepas. Die doel van hierdie artikel is slegs om te wys op die paradigmaverskuiwing wat daar plaasgevind het tussen die outentieke hervormers/calviniste, en die moderne of neo-calviniste t.o.v. van 'kerk-en-staat' beskouinge. Dit is tyd om weer – soos die hervormers self - terug te gaan na die bronne!

Natuurlik is geen mens of kerk die finale norm nie, dit alleen is die Skrif (NGB 7). Die algemene clichés en etikette wat egter op die outentieke reformatore geplaas word ter verduideliking van hul 'ekstreme-onverdraagsame' standpunte, soos bv. "hulle was maar kinders van hul tyd",<sup>37</sup> "dit is 'n Roomse erfenis waarvan hul nie ontslae geraak het nie", asook vandag se pragmatiese sienings van "ons lewe nou in 'n ander tyd" of "in 'n demokrasie kan ons nie so siening handhaaf nie" of "dit is nou 'n pluralistiese samelewing waarin alle godsdienste gelyke regte moet hê", ens.; is nie meer houdbaar teen hedendaagse reformatore wat soos die outentieke hervormers, glo en strewe na:

**Ons opvoeding en die hele atmosfeer waarin ons lewe, maak dit seker dat ons sentrale versoeking sal wees om te buig voor elke wind van leringe en dat ons dit nie sal ignoreer nie. Ons is almal geneig om slawe van die hedendaagse modes te wees. As jy moet kies om 'n nuwe of 'n ou boek te lees, dan moet jy die oue kies – nie omdat die noodsaaklik beter is nie – maar omdat dit waarhede bevat waaroor die eeu waarin jy lewe, nalatig is. Die standaard van die Christendom moet helder in ons verstand vasgehou word, ook teen die huidige moderne denke. Ons aanbid Hom wat gesê het: 'Die hemel en die aarde sal beweeg saam met die tye, maar My woorde sal nie met die tye verander nie.'**

– CS. Lewis

"Sola Scriptura!" en "Ad fontes!" nie.

Net soos ons strewe daarna om al ons doen en late vandag te fundeer in die Skrif, so het die outentieke reformatore ook gestrewe om hul totale lewe terug te hervorm na Gods Woord. Hulle het hul finale gesag vir hul staatsbeskouing ook gesoek in die Skrif,

nie in Roomse gebruike, die geskiedenis, oorlewerings, of in die tydsgees van hul eeue nie. Daarom skryf dr. Klaas van der Zwaag tereg in sy reedsgenoemde werk (p. 18), dat vir die handhawing van beide tafels van die wet, "de argumentatie die hervormers gebruikten, was primair ontleend aan het Woord van God, dat als richtinggevend en normatief werd beschouwd voor mens en samelewing."

Daarom het ons opnuut die taak om beide die outentieke en die neo-

<sup>37</sup> Ons is almal wel 'kinders van ons tyd' maar nie noodwendig 'slagoffers of produkte van ons tyd' nie. Dit beteken dat elke persoon wel beter verstaan kan word deur sy tye en omstandighede te bestudeer, maar ons moet baie versigtig wees om die 'tye' as die grondrede of norm te gee vir enige persoon se oortuiging. Inteendeel, ek dink ons geslag 'calviniste' is in 'n baie groter mate 'slagoffers en produkte' van ons afvallige tyd, as wat ons gereformeerde voorvaders in hul tyd was!

calviniste se beskouings te bestudeer en te toets aan die Skrif alleen en te kyk wie waarlik God se gebod getrou navolg, en wie werklik die 'kinders' of 'slagoffers' of 'produkte' van hul onderskeie tye en omstandighede was of is?

Mense wat so maklik – hoofsaaklik uit pragmatiese oorwegings – wil skree dat 'verskriklike vervolging' en 'wreedheid' gaan uitbreek as ons 'n Christelike staat het wat *beide* tafels van God se wet handhaaf, moet eerstens beseft die vervolging en wreedheid is reeds op ons, deurdat hedendaagse burgerlike owerhede – wat in Augustinus en Calvyn se woorde, niks anders as 'n klomp rowerbendes is as hul nie God se wette toepas nie - aktief of passief toelaat dat mense uitgemoor en beroof word, en Sy Naam bo alles nie erken, geëer en beskerm word nie. Verder moet ons hand in eie boesem steek en vra watter eeu werklik die bloedigste was, as pragmatisme ons hoogste norm geword het:

- die 16/17de '*eerste en tweede tafel/teokrasie/gewetensvryheid*' eeu met sy godsdiensoorloë waarin duisende gesterf het, of
- die twintigste '*tweede tafel/demokrasie/ godsdiensoorloë*' eeu waarin miljoene dood is en wat beskou word as die bloedigste eeu in die mens se geskiedenis?

Dit is dan veral die 'calvinistiese lande in die praktyk' wat net die tweede tafel beskouing gehandhaaf het, wat ook nou totaal verval het

**Laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde Matt.6:10.**

en mede-verantwoordelik is vir die grootste hedendaagse menseslagting: die aborsie-slagting waar miljoene mense jaarliks oor die aarde sterf! Dit laat die 'godsdiensoorloë' eeue van die hervormers na 'n Sondagskoolpieknik lyk! Persone, gesinne, kerke, volke, lande en magistrature wie se etiek net gebaseer is op die tweede tafel, en nie ook op die eerste tafel nie, kan op die langtermyn nie staande bly nie. Die volle wet moet gehandhaaf word, want die grootste gebod bestaan uit liefde vir God en mens. Nie net die mens se eer nie, maar ook God se eer moet beskerm, erken en gehandhaaf word. Die vrees van God is die *beginnel* [vertrekpunt; fondament] van kennis, en so ook van die hele lewe [Ps. 127:1 geld by implikasie vir alle terreine van die lewe: persoonlik, gesin, kerk, staat, ens.].

As mense God nie eerbiedig nie, dan is dit net 'n kwessie van tyd dat menselewe nie eerbiedig word nie, soos ons eie land dit nou bevestig. Omdat God nie meer eerbiedig word in mense se harte, in huisgesinne, in die kerkvergaderings en eredienste nie, en laastens ook nie in ons land se raadsale en in die grondwet nie, daarom is daar geen meer liefde en respek vir ons naaste nie, en neem moord, verkragtings, misdaad, ens., al hoe meer toe. Tereg roep die Wysheid: "Want hy wat my vind, het die lewe gevind en verkry 'n welbehag van die HERE. Maar hy wat my mis,

benadeel sy eie lewe; *almal wat my haat, het die dood lief.*"<sup>38</sup>

Ten einde, is nie pragmatisme nie, maar die belangrikste wat ons ons moet afvra: Wat is ons roeping en taak ten opsigte van 'kerk en staat' volgens God se gebod?, en om dan vanuit daardie geloofsvertekpunt verder besin. Mag daar in die toekoms in ons land met sy baie volke, maar ook regoor die wye wêreld, en as die Here dit wil, weer 'n 'paradigmaverskuiwing', of beter gestel, 'n bekering en reformatie plaasvind:

- van ongelof na geloof
- van goddeloses na godsvresendes
- van gesinsverval na gesinsherstel
- van kerkverval na kerkreformatie
- van verbondsverbrekers na verbondshouers,
- van 'tweede tafel' Christene na 'beide tafel' Christene, en laastens
- van 'n land gebaseer op die 'menseregte ideologie' na 'n teokratiese samelewing gebaseer op 'Bybelse reg', WANT:

"... 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors - tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, *om* dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. **Die ywer van die HERE van die leërskaie sal dit doen**'<sup>39</sup>

---

<sup>38</sup> Spr.8:36.

<sup>39</sup> Jes.9:5,6.